VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

22 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #5B

Geliefde Gemeente,

In die Naam van Jesus kom ek teen alle bedruktheid, alle wanhoop, alle doelloosheid. Teen elke emosie van verslaenheid en aggressie. Ek bind dit in Jesus Naam en verklaar God is aan die werk.

Die volgende vrae, kan gevra word:

- Word Suid-Afrika verkoop?
- Word 'n sosialistiese stelsel geïmplementeer?
- Is staatsbeheer die opkomende stelsel?
- Word demokrasie uitgefaseer?
- Is dit die wegbereiding van Anti-Chris?

Meer dan 30 jaar gelede, het 'n Moslem aan 'n Afrikaner verklaar*: "Ons neem die land in besit."* Die weervraag van die Afrikaner was: *"Hoe gaan julle dit doen?"* Waarop die Moslem geantwoord het; *"Ons gaan Suid-Afrika koop."*

Die finansiële pakket wat die IMF en die Wêreldbank aan Suid-Afrika bied, laat 'n mens wonder.

Die groter ingryping van die weermag wek baie vrae. Dit is 'n skrikwekkende gedagte: om te dink, die staat neem al groter beheer oor elke individu.

Ek wil elkeen waarsku: teen aansoeke vir finansiële ondersteuning, want dit het die potensiaal om beheer te neem oor jou eiendom en besigheid.

Wie is die inisieerder van hierdie hele proses en wat hou dit alles in, vir elkeen van ons?

Ek ervaar in my gees: **Dit is die dag van Jesus dié Christus; wat alles in almal volbring** – ***Ef. 1:23***.

*"Verder dan, broeders, vra en vermaan ons julle in die Here Jesus dat julle, soos julle van ons geleer het, hoe julle moet wandel en God behaag, nog oorvloediger mag wees"*: oorvloediger in ons betrokkenheid; ons gebedslewe; ons getuienis en persoonlike evangelisasie; in ons aanbidding en lofprysing; in ons kommunikasie – ***1 Thess. 4:1***.

*"Sodat Jesus Christus julle hart kan versterk om onberispelik te wees in heiligheid voor onse God en Vader, by die wederkoms van onse Here Jesus Christus met al Sy heiliges"* – ***1 Thess. 3:13.***

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Die doel van hierdie brief is om julle te versterk en julle te bemoedig in julle geloof – ***1 Thess. 3:2***.

*"Dat niemand verontrus mag word onder hierdie verdrukkinge nie"* – ***1 Thess. 3:3***.

Ons as personeel, by Genesis huis kan slegs effektief wees in wat ons doen, indien julle vasstaan in die Here – ***1 Thess. 3:8***.

*Vasstaan.*
*In jou geloof moet jy nou vasstaan.*
*Vasstaan.*
*In jou geloof moet jy vasstaan.*
*Vasstaan.*

*Onbeweeglik sterk in die Here (x3)*
*Onbeweeglik, sterk (x2)*
*In die Here.*

*"Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf"* – ***2 Thess. 2:3***.

*"die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is"* – ***2 Thess. 2:4***.

*"En nou, julle weet wat* ***hom*** *teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word*" – ***2 Thess. 2:6***.

Wat hou Anti-Chris teë?

- Die Heilige Gees;
- Die sout van die aarde – ons, die navolgers van Christus;
- Die lig van die wêreld – ons wat deur die Gees gewederbaar is – ***Joh. 3:8***;
- Elkeen van ons wie die Gees van Christus in hom het – ons, die Gees wat Hy ons gegee het – ***1 Joh. 3:24***.

Ons moet nou **VASSTAAN**!

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335